

## 23 April - GELOOF

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:22-29**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:23 (NAV)**

**M**oses is sekerlik een van die bekendste mense in die geskiedenis van die Ou-Testamentiese volk van God. Hy was die een wat God gebruik het om sy volk uit Egipte te verlos, en om hulle gedurende hulle 40 jaar van omswerwing in die woestyn te lei.

Daarom is dit te verstane dat die Hebreërbriëfskrywer vir Moses en sy geloof en sy dade uit die geloof in hoofstuk 11 ter sprake bring. Die eerste lesers van die brief, wat moedeloos wou word en wou uitsak in die wedloop van die geloof, word gewys op mense uit die ou bedeling wat in die geloof geglo en volhard het. Hierdie mense se geloofskeuses en optrede moes vir die lesers van die brief as voorbeeld dien om na te volg.

Ons lees wat Moses gedoen het, omdat hy geglo het. Hy weier om die seun genoem te word van die farao se dogter. Hy verkies om liever sleg behandel te word saam met die volk van God. Hy volhard soos iemand wat die onsienlike God sien.

Voordat ons egter lees wat Moses gedoen het, omdat hy geglo het, lees ons eers wat sy ouers gedoen het, omdat hulle geglo het. Dit wat sy ouers deur die geloof gedoen het, word nie verniet genoem nie. Hulle geloof en optrede in die geloof het 'n groot invloed op die lewe van Moses gehad en op die keuses wat hy uitgeoefen het. God het sy ouers se geloof gebruik om later vir Moses en sy geloof te gebruik om die volk uit Egipte te verlos.

Soos wat God destyds gedoen het, doen Hy vandag nog. Hy gebruik die geloof van ouers, sodat Hy hulle kinders kan kry waar Hy hulle wil hê.

Daarom moet ouers deur die geloof lewe en moet hulle geloof hulle uitkyk op die lewe, hulle keuses en hulle gedrag bepaal.

*Sing: Psalm 34:6, 7 (1936-beryming)*

*Ds ASA de Bruyn (Wilropark)*